

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
6 Februarie 1977

Onderwerp: Die gelowige Jongmens
Biddag vir die Kerk Jeug Aksie (KJA)

Lees: Daniël 1 verse 1 tot 21

Teks: Daniël 1 verse 7, 8 en 21

Sing: Psalm 8 verse 1, 4 en 5
Gesang 75 vers 1

“Op die oog af lyk ons teks gedeelte na ’n gewone stukkie geskiedenis van ’n oorlog tussen Babel en Jerusalem, waarvan die uitslag ten gunste van die Babiloniërs was. Wanneer ons egter in gedagte hou dat Daniël ’n profetiese boek is en ons hierdie gedeelte lees met die oog op God se hand agter die gewone geskiedenis, dan begin hierdie droë brokkie geskiedenis ook betekenis vir ons dag kry.

“Babel en Jerusalem, wat hier teenoor mekaar genoem word, is twee name waaraan die Bybel simboliese betekenis gee vir die stryd wat daagliks in hierdie wêreld woed. Aan die een kant is dit ’n stryd tussen die groot stad Babilon, wat volgens Openbaring die woonplek is van die duiwels en versamelplek van allerhande onrein geeste. Aan die anderkant is Jerusalem die stad van God, waar God se volmaakte heerskappy die oorwinning waarborg.

“In hierdie stryd kan niemand, ook nie die jongmens van ons dag, neutraal staan nie. En nou lyk dit, soos ook in die dag van Daniël, dat die heidendom aan die wenkant is. Babel neem Jerusalem in. Die volk van God word in ballingskap weggevoer. Selfs die kosbare gereedskap van die tempel word weggevoer en gebruik in ’n tempel van ’n wêreldgod. Dit het vir almal gelyk asof die god van Babel die God van Juda oorwin het. En tog as ’n mens hierdie geskiedenis met aandag lees, vind jy dat ook Babel en alles wat in hierdie wêreld gebeur in God se hand is en dat Hy dit so reël en die Oorwinnaar is.

“God wil ons vanmôre deur hierdie Woord een groot waarheid laat verstaan, naamlik dat die warme geloofshartklop van die jeug, Satan se aanslag en koue oorlog kan weerstaan en oorwin. In hierdie stukkie is dit vir ons duidelik dat God aan Nebukadnésar getoon

het dat die listige planne van selfs 'n wêreldheerser nie opgewasse is teen 'n jongmens wat op sy God vertrou nie.

“Nebukadnésar was nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Hy het verstand gehad en het dit gebruik, anders sou hy nie heerser gewees het van die grootste deel van die destydse bekende wêreld nie. Hy het die groot waarheid besef dat 'n volk nie deur swaard of geweld oorwin en gebreek word nie, maar alleen as hy losgemaak word van sy gewoontes en sy God. Daarom het hy listige planne uitgedink om in sy doel te slaag. Sy strategie was:

“Hy het jong seuns uit al die vooraanstaande Joodse families na sy paleis gebring. Dit was hulle wat die toekomstige leiers van die volk sou word. Hy het hulle nie toegesluit in konsentrasiekampe nie, maar aan hulle vryheid van beweging in sy paleis gegee. Daar is hulle bedien en behandel soos hyself. Want daar moes hulle beïndruk word met die wonderlikheid om deel te wees van so 'n besondere en hoë Babiloniese beskawing. Hy het geweet dat as hy hierdie toekomstige leiers van Israel kon losmaak van hulle Joodse tradisies, sedes, norme en gewoontes, die oorwinning ten volle syne sou wees.

“Selfs die spyskaart moes hulle nie herinner het aan wie hulle was nie. Nee, die beste waartoe Babel in staat was, is aan die jongmanne voorgesit.

“Ook hulle name moes verander word, want die Jode het name aan hulle kinders gegee met 'n godsdienstige betekenis wat hulle aan God herinner het. So byvoorbeeld moes Daniël, wat beteken ‘My Regter is God’, plek maak vir Béltsasar, wat beteken ‘beskerm die lewe van die koning’. Die koning moes die belangrike plek van God in sy lewe inneem. Hanánja, wat beteken ‘God is genadig’, moes verander word na Sadrag, wat beteken ‘die bevel van Ahu’ die maangod. Mísael, wat beteken ‘Wie is soos God’ is verander na Mesag, wat beteken ‘wie is soos Merodag’ 'n ander Babiloniese god. Asárja, wat beteken ‘God is my helper’ is verdring deur Abednégo, wat beteken ‘kneg van Nebo’ die Babiloniese god van skryfkuns en sterrewiggelary.

“Broers en Suster, so subtiel is Babel nog steeds in sy aanslag op jongmense wie se lewens nog voor hulle lê. Daar is 'n onverbiddelike sagmaakproses aan die gang. Hulle word op soveel plekke en geleenthede met hierdie aanslag gekonfronteer. En 'n mens sidder as jy sien wie almal daaraan meedoen; en die metodes en

argumente wat gebruik word. 'n Voorbeeld is die media wat ons identiteitsloos en een van die massa wil maak. Jy moet ook doen soos die massa doen, anders is jy uit. Netso doen ook opvoedkundige instansies lustig hieraan mee. En laaste en nie die minste nie, ouers wat kinders voorgaan in 'n gees van permissiwiteit.

“Hoeveel maal het u dit nie al in u eie lewe ondervind nie. Daardie skynbaar onbenullige suggesties en versoekings waarmee ons daaglik te doen kry, maar waaragter 'n onsigbare gebalde vuus sit wat 'n geleentheid soek vir een of ander uitklophou.

“Ag, dit is maar net 'n jolige en lekker partytjie. Effens wild, maar 'n mens is maar net eenmaal jonk. Jy moet nie preuts wees nie. En ons sus tog so graag ons gewete, want almal maak so.

“Die vriendskapsverhouding met 'n vriend of vriendin was 'n bietjie te intens vir die lange jare wat nog voorlê. En waar so 'n verhouding andersins dood normaal sou ontwikkel het, bereik die spanning breekpunt en dan breek die eens weggesteekte vuus van Satan met skok deur. Dit was nog altyd die Duiwel se ou beproefde strategie om dit wat mooi en kosbaar is, te verwoes en ons in ewige ongelukkigheid en verwyte te dompel.

“So het Daniël ook die aanslag ondervind, verskuil agter die verleiding van 'n lekker lewe en lekker kos; en daarby die opvoeding en geleerdheid aan die voete van die beste geleerdes van daardie tyd.

“Broers en Susters, was dit die somtotaal van Daniël se ideale? Nee, daar was iets in sy lewe wat gebots het met hierdie dinge. Dit was sy geloofstrou aan die God van Israel wat hy nie wou en kon prysgee nie.

“Kyk 'n bietjie hoe het dit gegaan in die swierige eetsaal van Nebukadnésar, waar Daniël by een van die tafels gesit het. Die tafels was gedek met skitterende silwer en oorlaai met die geurigste kos. Die klomp jongmense was vrolik en het nie op hulle laat wag om die geleentheid te benut nie. Toe skielik was almal stil, want een knaap het die bediende nader gewink en sowaar gevra vir water en groente: ‘Wat makeer hy? Is dit tog nie Daniël wat so 'n flou spyskaart aanvra nie?’

“Maar selfs die spot van sy maats kon Daniël nie van stryk bring nie. Want dit het nie vir hom gegaan om die weelderige ete of 'n gesonde spyskaart van groente nie. Nee, vir hom was dit 'n saak van getrouheid aan God. Daniël het verby die lekker kos en geurige wyn gekyk en daaragter die afgode van Babel sien staan. Afgode aan wie hy erkenning sou gee as hy sy mond aan

daardie voedsel sou sit. Dit wou en kon hy nie, want sy God was vir hom oneindig meer werd as al daardie lekker dinge van die lewe. Nee, hy het eerder groente en water en die spot van sy maats verkies, as ontrouheid aan sy God. Net soos Moses wat verkies het om verdrukking te lei saam met God se volk, eerder as om die weelde van Farao se paleis te smaak.

“Broers en Susters, Daniël het maar net sy Godsdienst prakties uitgelewe. Hy het nie gewag vir iets sensasioneels, soos die leeuuil, om dit te doen nie. Nee, dit was daar in die eetsaal in die gewone doen en sê van elke dag, op die mees ongeleë tyd vir hom, onder die spot van sy maats. Dit was toe hy as gelowige opgestaan het tussen al sy maats en met manmoed gesê het: Ek bly getrou aan God.

“En wat was die gevolg? Onder die gespot en gelag is drie van sy maats aangegryp deur sy optrede en het hulle by hom aangesluit.

“Broers en Susters, kan u ook u naam in die plek van Daniël s’n invoeg? ‘En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdiens vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie.’ (Dan 1:8) Kan u ook nee sê vir die wêreld? Hierdie voorneme vloei voort uit ’n ware en opregte geloof in God. Dan alleen mag ons verseker wees dat God die oorwinning sal gee.

“Volgens Babel se plan moes Daniël verdwyn. Maar ons lees dat hy daar gebly het tot die eerste jaar van Koning Kores se regering. God het oorwin. Nebukadnésar het verdwyn, maar Daniël het gebly saam met sy profesie oor die koms van Jesus Christus. Hiermee het God met hemelse humor en heilige lag ’n streep getrek deur al Nebukadnésar se listige planne. In plaas daarvan dat Nebukadnésar ’n oorwinningsboog in Babel opgerig het, het God vir Hom daar ’n triomfboog gebou. En daarvoor het God ’n veertienjarige knaap gebruik.

“Broers en Susters, die wêreld kom vandag nog na ons jongmense met ’n vuis wat sorgvuldig versteek is agter wink en skitter, maar ’n vuis wat gereed is om hard te slaan.

“God se oorwinning in en deur u en my lewe hang net van een ding af: Hoe prakties is u en my geloof in Jesus Christus, die Oorwinnaar? Vertrou en volg ons Hom in elke situasie en omstandigheid? Ons paraatheid in hierdie land hang nie af van militêre

prestasies nie, maar van ons geloof en trou aan God in Jesus Christus.

“God was getrou in Daniël se tyd en bly getrou tot vandag toe. Volg Hom en Hy gee die versekering: ‘Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.’ (Openb 2:7)

“Amen.”